




Leer ken God se hart
nog beter...


Ps Karl Holz



⁷ God sê: “My volk Israel, julle
moet luister,
Ek wil praat.
Ek wil getuie wees teen julle.
Ek is God, Ek is julle God.

⁸ Ek wil sê julle doen verkeerd.
Hoekom wil Ek dit sê?
Sê Ek dit omdat julle offers
bring, of omdat julle aanhou om
vir My brand-offers te bring?
Nee.

³ Ek vra nie bulle uit julle stalle
of bokke uit julle krale nie, ¹⁰
want al die wilde diere in die bos
en die diere op duisende berge
is Myne.



¹¹ Ek ken al die voëls op die berge,
en al die baie diertjies in die veld
behoort aan My. ¹² Wanneer Ek
honger word, dan sal Ek nie vir julle
kos vra nie, want die wêreld en alles
daarop is Myne.

13 Ek eet nie die vleis en Ek drink nie die
bloed

van die bulle en bokke wat julle offer nie.

14 Nee, die offer wat jy vir God moet
bring,

is dit: Jy moet vir Hom dankie sê vir
alles.

En jy moet doen wat jy belowe het
aan My, die Hoogste God.



¹⁵ Jy moet tot My bid wanneer
dit sleg gaan.

Ek sal jou red, en jy sal My
eer.”

6 “Die Here wat oor alles regeer, sê: “’n Seun eer sy pa, en ’n slaaf eer die man aan wie hy behoort. As Ek julle Vader is, hoekom eer julle My nie? As julle aan My behoort, hoekom respekteer julle My nie? Julle priesters het my Naam nie gerespekteer nie. Maar julle vra: ‘Hoe het ons u Naam nie gerespekteer nie?’

Maleagi 1:6-9;13

7 “Julle bring onrein offers na my altaar, en dan vra julle: ‘Hoekom sê U ons dink U is onrein? Wat het ons gedoen?’ “Julle doen dit wanneer julle sê julle respekteer nie die Here se altaar nie.

⁸ Julle bring blinde diere om vir My te offer. Dink julle dit is reg? Dit is verkeerd. Julle offer vir My siek of lam diere. Dit is ook verkeerd. Wat sal gebeur as julle 'n siek of 'n lam dier gaan gee vir iemand wat oor julle regeer? Sal hy daarvan hou en vriendelik wees met julle? Nee.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

⁹ “Julle sê: ‘As God nie vriendelik is met ons nie, dan moet ons iets doen sodat Hy weer vriendelik kan wees met ons.’ “Maar as julle hierdie verkeerde dinge doen, dan sal Hy nie vriendelik wees met julle nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer.

13 En julle sê dit is harde werk om offers te bring. Julle hou nie daarvan om dit te doen nie.” Dit sê die Here wat oor alles regeer. “Julle bring diere wat julle gesteel het of diere wat nie gesond is nie en julle offer dit vir My. Ek wil dit nie hê nie,” sê die Here.

22 “En wanneer ’n persoon vir die Here ete-offers bring om ’n gelofte te betaal, of as hy graag ’n offer wil gee, dan moet hy ’n bees of ’n skaap of ’n bok offer wat gesond is. Die Here sal dit aanvaar, maar die dier moet heeltemal gesond wees.
Levitikus 22:21-22

22 Julle mag nie vir die Here 'n dier offer wat blind is of wat seergekry het of wat vratte op sy vel het of wat 'n velsiekte het nie. Julle mag nie so 'n dier op die altaar bring om 'n vuur-offer te wees nie.